

IN DIE *Wagkammer*

J.F.W. Grosskopf



Die plasing van hierdie teks word moontlik gemaak deur die vriendelike
samenwerking van die DRAMABIBLIOTEEK, Bloemfontein

(Library and Information Services MANGAUNG METRO MUNICIPALITY)

IN DIE WAGKAMER

– 'n noodlotstuk –

Opgeneem in

DRIE EENBEDRYWE

VIR EEN AAND

deur J.F.W. Grosskopf

– 1958 –

Opvoerrechte:

AKDA

Afrikaanse Kontemporêre Drama Argief
(akda.co.za)

Kontak AKDA (sien tuisblad of e-pos: leanawel4@gmail.com)

KARAKTERS

(In volgorde van verskyning)

DIE OU OOM

DIE OU TANTE

DIE MEISIE

DIE KONSTABEL

DIE SEUN

Die algemene wagkamer van een van die kleiner spoorwegstasies op die Witwatersrand, taamlik dof van bo verlig deur een elektriese lamp. Die ingang is regs agter; regs, naby die muur, 'n stywe stoel. Heel voor aan die regterkant, 'n kaal tafel en daarop 'n rooi erdewaterfles en 'n glas ook, soos gewoonlik in wagkamers, 'n groot Bybel. 'n Eenvoudige reismandjie staan op die tafel. By die linkerhoek van die tafel staan 'n tweede stoel. Links, taamlik agter, 'n gewone wagkamerbank. Ná middernag, laat in die winter, omstreeks 1914.

In die wagkamer

ADAGIO, CON AMAREZZA

[Op die toneel: die ou Oom en Tante]

OOM *[taamliek bejaarde, armrige Boer, met verbleikte, warm jas en ou hoed met lanferband. Hulle het blykbaar net afgeklim, want hy is besig om die eenvoudige bagasie – 'n bulterige bliktrommeltjie, 'n suikersakkie, 'n bondel komberse met 'n osriem vasgebind – bymekaar te pak langs die bank. Staan van sy gebukte houding weer regop, met 'n sug]: So-o! [Draai om na Tante].*

TANTE *[staan nog in die middel van die kamer, moeg en met 'n houding van angstige verlatenheid. Sy dra 'n baie eenvoudige, swart rok, 'n ouderwetse, warm manteltjie en 'n netjiese, swart kappie, soos die ouer Boerevrouens in afgeleë dele nog dra. Moedeloos]: En waar gaan ons hom soek, ou man? – Ons is self mos hier so verlore.*

OOM *[praat haar moed in]:* Ons het dan nog nie eers beginne soek nie. *[Gaan na die tafel om die mandjie te haal.]*

TANTE: As ons tog net wis dat hy nog hier is!

OOM *[staan by die tafel, met sy hand aan die mandjie; kyk na haar].*

TANTE *[feitlik alleen-sprekend]:* Hiervandaan het sy laaste ou briefie gekom – meer as twee jaar gelede . . . toe hy uit die polisie uitgegaan het.

OOM *[sien die Bybel op die tafel; tel dit op]:* Kyk, hier lê 'n Bybel, ons ou Hollandse Bybel, soos 'n troos vir ons. *[Met die mandjie in sy een hand, lei hy haar sag na die bank en laat haar sit]:* Ons sal maar hier in die wagkamer bly tot dit lig is. Dis die beste.

TANTE *[sit inmekaar, met haar hande op die skoot gevou]:* En . . . dis my laaste kind! – Sal ons hom kry? . . . O, my moed is skielik so klein.

OOM: My vrou, maar jy moenie nou kleingelowig word nie! Jy het dan self aangehou en aangehou, van Korrie se dood, dat ons moet kom soek na hom. – En nou is ons twee eindelik hier.

TANTE: Dit lyk asof alles teenspoedig wil gaan.

OOM *[om haar te troos]:* Dis omdat ons nie treinry gewoond is nie. – En dat ons trein nou juis so laat in die nag eers hier gekom het? . . . Dis tog nie so vreeslik nie. *[Hy gaan sit, regs van haar, op die end van die bank.]*

TANTE *[hou troossoekend sy hand vas].*

OOM: As dit donker is, is 'n mens se hart maar klein. – *[Staan op. Onderwyl hy tussen-in praat, maak hy die bondel komberse los. Hy laat Tante opstaan en gooi 'n gevoude kombes op die bank oop. Met 'n velkombes oor sy arm]:* Nou moet jy maar probeer om so 'n bietjie te slaap, moedertjie! Dit sal goed wees.

TANTE *[staan nog; angstig]:* Ag nee. Hier nie! . . . Hierdie een nag kan ek ook maar deurwaak. En wag. – Ek het tog al so baie nagte gewaak en gewag in my lewe . . . *[Asof sy die verlede wesentlik voor haar oë sien]:* Dit het beginne kort na my troue, nog voor Baltus se geboorte, toe jy in Bronkhorstspruit se geveg die swaar skoot gekry het . . . En by Hennieboet – *[dink skielik weer aan hul soek]:* Ag, ek hoop ons sal hom tog kry hier! – by hom het ek baie nagte gewaak. Van al die kinders, behalwe dié wat klein dood is, het ek vir hom die swaarste groot gemaak.

OOM *[vat saggies aan haar arm].*

TANTE *[sit weer]:* En vandag is net hy nog oor! . . . Al die ander het ons vooruitgegaan. Almal dood: Willem op Spioenkop. Baltus in Ahmednagar-kamp. Sientjie en Loutjie in my arms, op Irene in die kamp! En toe Jaap by die myne . . . En nou ook nog Korrie! *[Hou 'n oomblikke haar hand oor haar oë, want dié jongste verdriet is nog te skrynnend]:* Korrie met haar babetjie. *[Gee 'n paar sagte snikke.]*

OOM *[self aangedaan; sit behoedend sy arm om haar]:* Toe maar, hartjie, jy sal sien; ons sal vir Hennie hier kry! *[Baie sag lig hy haar bene op die bank en maak haar toe met die velkombes.]* – Lê nou so; leun teen my. *[Gaan sit weer neffens Tante.]* Want dit is koeler hier as by ons in Lydenburg. Probeer maar slaap!

TANTE *[lê gemaklik teen sy skouer, maak haar oë vakerig toe, maar kyk dan weer op na hom]:* Maar jy?

OOM: Ek? O, – *[opgeruimd]* ek sal nog voor jou slaap. – Hoeveel nagte het ek nie al op 'n perd se rug gesit en slaap nie!

*[Albei stil. Na 'n paar sekonde begin Oom se kop laer en laer te sak.
Stemme agter die toneel.]*

VROULIKE STEM *[blykbaar teen iemand wat astant is]:* And sherrup now with your bally talking! Leaf me alone! – Voertsek! *[Dis duidelik die Engels van 'n Afrikaanssprekende.]*

[Die Meisie op]

MEISIE *[kyk in die kamer in en sien vir Oom en Tante; praat terug, met verligting]:* There's peoples in here. – *[Sy kom binne. Onder 'n ligte manteltjie wat oophang, het sy 'n opvallende aandrok aan, maar dis van stof en van smaak maar taamlik alledaags. Sy het geen hoed op nie, sodat haar effens verwaaide, pragtige donkerblonde bos hare dadelik in die oog val. Poeier en rooisel duidelik op haar gesig.]*

TANTE *[het dadelik toe die Meisie inkom, regop gaan sit, maar met haar voete nog bo-op die bank. Beskou die Meisie opmerkzaam.]*

MEISIE [*gaan sit moeg en met 'n uitdrukking vol bitterheid aan die tafel, sodat sy oor haar linkerskouer moet kyk om Oom en Tante te kan sien*].

TANTE [*kan die Meisie se gesig half van die kant sien; tot Oom, amper met plegtigheid*]: Kyk, hoe wit is haar gesig!

MEISIE [*drink haastig 'n glas water; kyk dan ingedagte na die opskrif op die rug van die Bybel, en stoot onwillig die boek effens weg*].

TANTE [*hou met spanning haar oë op die Meisie*]: En haar wange is so rooi. Ek wonder of sy siek is . . .

MEISIE [*steur haar nie daaraan dat haar mantel ongemerk van haar skouers afgly nie*].

TANTE: Só laat in die nag hier alleen? – Sy lyk nog jonk; . . . maar sy't al swaar gekry.

MEISIE [*draai effentjies haar kop om te luister; maar kyk nie na hulle nie*].

OOM [*waarskuwend, maar met die mislukte fluisterstem van die veldsman wat al verleer het om suutjies te praat*]: Miskien verstaan sy!

TANTE [*gerus*]: Sy lyk nie so nie . . . Kyk hoe dun is haar klere; – en dié oop hals, en haar kaal arms! . . . Hulle moet mos siek word.

MEISIE [*maak met haar skouers en kop 'n kriewelrige gebaar van "Wat-traak-dit-julle?" Maar sy kyk hulle nog altyd nie aan nie*].

OOM [*met hees stem, waarsku nog ernstiger en dus natuurlik nog duideliker hoorbaar*]: Ek dink sy verstaan tog!

MEISIE [*draai haar gesig, leweloos koud soos 'n pop syne, na hulle; met 'n stem wat meer moeg as vererg klink*]: Ja, ek verstaan.

TANTE [*met die skielike dwase hoop van 'n moeder, tot Oom*]: Sou sy nie iets van die seun weet nie?

MEISIE [*voltooi haar sin*]: Ek is ook 'n Boer. – Ek was ten minste.

TANTE [*meteens berouvol*]: Ag, my kind, jy moenie vir my kwaad wees nie! – Ek is maar 'n eenvoudige ou vrou uit die Bosveld. [*Sy vra so beskaaf en aanvallig, oud soos sy is, om verskoning dat niemand sou kan weerstaan nie*].

MEISIE [*bekyk al amper vriendelik belangstellend die ou Tante en die Oom. Met gevoel*]: Ag, die Bosveld, Tante! . . . Dit was anders daar – in Marico – waar ek groot geword het. [*Skielik weer in haar skulp terug; kyk droefgeestig voor haar uit.*]

TANTE [*tot Oom*]: Sal ek haar vra?

OOM [*kyk baie twyfelagtig eers na Meisie, dan na Tante*].

TANTE: Daar's tog geen kwaad in nie. – *[Skielik]*: Ag toe, vra jy!

OOM *[praat nog teë]*: Maar hoe sou sy kan weet? Hier in dié groot dorp.

TANTE: Toe, ou man! Mens kan nooit weet nie.

OOM *[gee in]*: Goed. – Ek sal haar vra.

MEISIE *[het weer meer aandag aan die ander se woorde gegee; kyk vraend, byna 'n bietjie agterdogtig om na hulle]*: Wat moet Oom vir my vra?

OOM *[nou taamlik verleë]*: Ag, my kind . . . jy moet verstaan: Ons het mos kom soek na ons seun. Die laaste tyding was hiervandaan, al twee jaar terug . . . Dis nou mos net moontlik dat jy iets van hom weet. Jy's mos ook 'n Afrikaner.

MEISIE *[bitter]*: Ag, – die mense wat ek ken . . . !

TANTE *[al te gretig om te hoor]*: Ken jy miskien ene Hendrik Koester?

MEISIE *[skrik blykbaar; met agterdog]*: Nee! Hoe sou ek hom ken? . . . *[Asof sy haar bedink]*: Van waar kom hy?

OOM: Doo'plaas, distrik Lydenburg.

MEISIE *[die eerste oomblik soos iemand wat uitasem geskrik is; frons haar winkbroue; dan byna woes, sonder om na hulle te kyk]*: Nee! Nee! Nee! *[Laat haar kop sak.]*

OOM *[staan saggies op asof hy nader wil kom]*: Maar hoekom dan so onstuimig, my liewe kind?

MEISIE *[met 'n stem vol pyn]*: Oom . . . *[skielik tot Tante]*: Ag, Tante, ek het hom geken. – Lank gelede! Toe hy nog fluks was – in die polisie.

TANTE *[sit skielik regop, laat haar bene van die bank afgly; vleg die vingers van haar twee hande krampagtig inmekaar, staar Meisie aan]*.

OOM *[besluiteloos; gaan sit weer neffens Tante]*.

MEISIE *[praat met dowwe stem verder, stadig]*: Hy't . . . versleg . . . hierso. – *[Vinniger; bitter]*: En ek het ook versleg!

TANTE *[kyk Meisie verskrik aan]*: Versleg? *[Dan haastig, om meer te hoor]*: Weet jy waar hy nou is?

MEISIE *[skud stadig haar kop]*: Nee, ek weet nie.

TANTE *[smekend]*: Wanneer het jy hom laaste gesien?

MEISIE *[asof sy haarself afvra]*: Ag? . . . Maar ek dink darem dit was hy . . . *[kyk Tante weer aan]*: laas Aprilmaand, in 'n trem wat verbygery het . . . ja, ek glo dit was hy!

OOM: Dan is hy seker nog hier?

MEISIE: Ek reken hy sal nog hier wees . . . [*Trek haar skouers op*]: Maar ek weet nie.

TANTE [*impulsief, smekend*]: Sal jy ons help soek?

MEISIE [*meteens koeler; afwykend*]: Ek het nie tyd nie.

OOM: Het jy werk hierso?

MEISIE: Ja . . . [*Kyk Tante aan; half verleë, half uitdagend*]: Ek is 'n "barmaid", Tante.

TANTE [*verstaan nie wat sy bedoel nie; onseker*]: 'n Baar meid? . . . [*Vaag*]: Maar, kind . . .
 [*Kyk jammerhartig na Oom*]: Hoe kan hulle? – [*Effens vermanend*]: Maar moet jy tot so laat in die nag werk?

MEISIE: Ons sluit om twaalfuur. Maar as daar nog mense is – waar ek werk – maak hulle net die voordeur toe. En ons moet nog bly.

TANTE [*medelydend*]: A-ag! . . . Maar dra julle altyd sulke mooie klere by julle werk?

MEISIE [*met 'n moedelse sug oor die vrae*]: Ja, . . . hulle verwag dat ons moet mooi lyk vir die mans.

TANTE: Vir die mans?

MEISIE [*met bitter stem*]: Ja.

TANTE [*voel haar onwetend skuldig; probeer vriendelik wees*]: Is jy al lank hier op die Rand?

MEISIE: Vier jaar.

TANTE [*belangstellend*]: Waar woon jou ouers? – Lewe hulle nog?

MEISIE [*gepynig*]: Ag, Tante, . . . ek weet nie. – Ek weet niks meer van hulle nie!

TANTE: Vergeet julle ouers . . . ? – En skrywe jy ook nooit nie?

MEISIE: Nee!

TANTE [*radeloos*]: Ek verstaan dit nie . . . Ek verstaan dit nie!

MEISIE [*bitter, amper woens*]: Ja-nee, Tante verstaan nie – kan nie verstaan nie: 'n Groot dorp is soos 'n mensvreter! . . . Dit vreet jou op, ja en tot jou siel ook!

TANTE [*verskrik*]: Kind, kind!

OOM [*met die beste bedoeling*]: Maar so 'n mooi meisie soos jy . . . behoort te trou.

TANTE: Dit sou ook die beste wees.

MEISIE: Trou? Vir trou is 'n tweede een nodig.

OOM [*dink dat 'n bietjie vrolikheid nou gepas sou wees*]: As ek nog 'n jongkêrel was – dan sou ek nie so 'n ...

MEISIE [*val hom in die rede, gemartel deur al die onwetende vrae*]: Oom! Tante! Julle moenie! ...
[*kan nie verder praat nie; keer met moeite haar snikke. Dan impulsief tot Tante*]: Ek was eenmaal so goed as verloof gewees aan Hen ...

TANTE [*kyk sprakeloos na haar*].

OOM [*verbaas*]: Hendrik Koester?

MEISIE [*knik; dan sag*]: Ja ... aan julle seun ... En ons het sulke mooi planne gemaak om hier uit J'hannesburg* weg te kom ... en te gaan boer. – Maar toe raak Hen in die moeilikheid. Hy ...

TANTE [*angstig*]: Wat was dit?

MEISIE [*antwoord nie*]: ... En nadat hy uitgekom het uit die ... uit die ...

TANTE: Uit die polisie?

MEISIE [*kyk haar hulpeloos aan, dan gou weer weg; byt op haar lippe en antwoord dan halfhartig*]: Ja, ja ... Toe kom ek hom in Eloffstraat eendag teë met ... [*nog verontwaardig*] met so 'n regte uitlandse slet aan sy arm! ... [*Sy kan nie verder praat nie, maar na 'n rukkie gaan sy met eentonige stem voort*]: en toe het ek vir niks omgee nie! – [*Wild*]: Vir ons wat arm is, is dit orals maar pure ongeregtigheid teen jou! [*Begin sag snik en probeer met 'n verspotte sakdoekie haar oë afvee*].

TANTE [*wat so graag wil troos*]: My kind, ... kon jy toe nie teruggaan na jou ouers nie?

MEISIE [*kyk op*]: Pa is lankal dood. En Ma het toe weer getrou ... [*met afsku*] met 'n skurk, 'n dier van 'n man!

TANTE [*vermanend*]: Maar – hy is tog jou pa nou, kind.

MEISIE [*honend*]: Pa? – [*Met 'n kort laggie wat seermaak*]: Hy't nie so gemaak nie ... Dis hoekom ek weggeloop het van die huis.

OOM [*opreg, maar onhandig*]: Ek voel in my hart jammer vir jou, my niggie.

MEISIE [*moeg*]: Dankie, Oom. – [*Om aan die pynlike gesprek 'n end te maak*]: Maar ag, dit help mos tog niks nie! ... Dit sal beter wees om nog 'n bietjie te probeer slaap eer Oom en Tante beginne soek. [*Sy draai weg, sit haar arms op die tafel en laat haar kop moedeloos daarop rus.*]

* Spreek dit, soos baie ou Transvalers, met die klemtoon op die laaste lettergreep uit.

OOM: Ja, dis waar. – Kom nou, vrou tjie. [*Hy maak haar sorgvuldig toe en laat haar weer soos tevore teen hom rus.*]

TANTE [*lyk glad nie vaak nie, maar gee ewe geduldig vir haar man sy sin. Leun teen sy skouer en maak haar oë toe.*]

[*'n Paar oomblikke stilte.*]

MEISIE [*sit neerslagtig en peins. Trek dan die Bybel weer nader; kyk eers 'n slag op haar polshorlosie en begin dan somaar doelloos rondblaai. Skielik trek 'n plek haar aandag; sy lees 'n rukkie. Wat sy gelees het, wek blykbaar bitter verdriet, en sy laat haar gesig oor die ope bladsy op haar arms val. Aan die ruk van haar skouers sien 'n mens dat sy snik.*]

[*Manstem agter die toneel.*]

STEM [*militêre toon; Engels met 'n sterk Karoo-aksent*]: Come on! You can walk alone now. This is the road. Pull yourself right!

[*Konstabel en Seun op.*]

KONSTABEL [*lang, taai Boer in die uniform van die berede polisie; streng, stoere tipe met 'n dik snor*]: In here!

SEUN [*armoedig klere; sonder boordjie en hoed. Sy hande is geboei. Hy het blykbaar uit 'n vegtery gekom, want daar is bloed op sy gesig en sy een mou is heeltemal oopgeskeur, en hy praat met die onnatuurlike stem van iemand wat nog half bedwelmd is*]: Olraait!

MEISIE [*kyk haastig om: sien net die gewone skouspel van 'n konstabel met 'n gearreesteerde; terug in haar vorige houding*].

TANTE [*roer onrustig asof sy wil opstaan*]: Wat is dit?

OOM [*hou Tante saggies vas; loer vakerig so effens oor sy skouer*]: Nee, niks nie. Slaap maar, hartjie! Ons is nog op die stasie.

TANTE [*gee gehoorsaam in*]: Ja, ek is moeg.

OOM [*probeer koppig om verder te slaap*].

KONSTABEL [*help Seun nogal met sagtheid om op die stoel regs, naby die ingang, te gaan sit*]: You can sit here . . . [*Staan nog voor hom*]: My man, I saved your life after you stabbed that Syrian. Those other Syrians were out to kill you.

SEUN [*sit nog maar baie pap op die stoel; vieserig*]: Dié gespuis! . . . [*Effens ylhoofdig*]: Maar, swaertjie, hoekom praat jy Engels met my? . . . Ek is maar net 'n boslaanster. **

** Grappige kommandowoord uit die Engelse Oorlog. Gewone vorm: boslanser. (Engels: "lancer"). Hier omtrent dieselfde as "takhaar uit die Bosveld".

KONSTABEL: As ek Engels praat, is dit nie so moeilik vir my nie . . . om een van my eie mense tronk toe te moet vat. – Dink jy dat ek vir my plesier konstabel is?

SEUN: Nee, dit weet ek self. Dit was my ongeluk gewees . . . Ek was self eenmaal in die polisie.

KONSTABEL: En hoe het jy dan só geword?

SEUN: Eendag my oë toegemaak . . . om baie geld te kry.

KONSTABEL: Hoe kom jy dit doen?

SEUN: Hoe? – Is jy dan vir jou plesier konstabel?

KONSTABEL [*kyk hom net verbaas aan*].

SEUN: Ek was ook nie . . . Man, die dorpe verniel ons, ons wat 'n wye wêreld – 'n oop wêreld – nodig het.

KONSTABEL [*knik, want hy verstaan*].

SEUN: My keel het hier toegeslaan. Ek wou weer uit . . . met 'n dogter wat net so gevoel het soos ek. – Maar wie kan geld spaar, hier?

KONSTABEL: Ek doen dit. Ek gaan nog op my eie grond boer weer.

SEUN: Jy's beter as ekke . . . Aa! Jy't seker 'n nooi by die huis?

KONSTABEL [*skielik boos*]: Hou jou bek! Wat het jy met my sake te doen? [*Draai weg en kyk vorentoe*].

SEUN [*paai*]: Toe-nou toe-nou! [*Laat sy kop weer moedeloos sak, sodat sy gesig in die skaduwee is*].

KONSTABEL [*stap nader na Meisie en kyk van die kant ondersoekend na haar*].

MEISIE [*hoor iemand agter haar. Sy kyk om, en op in sy gesig. Die seun kan sy nie sien nie, daar die konstabel tussen hulle staan*].

KONSTABEL [*verwytend*]: Ja, en jy's ook 'n Afrikaner: ek het jou gesig 'n paar keer in ons Kerk gesien. [*Kyk afkeurend na haar uiterlik*].

MEISIE [*draai weg; sit weer vooroorgebuig*].

KONSTABEL [*vermanend*]: Hoekom flenter jy so laat in die nag alleen rond? [*Hou sy ernstige oë nog 'n ruk op haar*].

TANTE [*wakker*]: Ek kan nie slaap nie. [*Maak haar oë oop*].

OOM: Maar probeer darem, ou vrou.

TANTE [*draai haar bolyf sodat sy die ander persone kan sien. Haar oog bly op die seun gerig*]:
Kyk, sy hande is geboei! Hy moet seker tronk toe.

OOM [*sit regop, want hy sien van slaap kom daar tog niks nie*].

TANTE [*met 'n byna dromerige stem*]: En sy klere is verskeur. Hy het seker gebaklei. – En kyk, daar is bloed op sy voorhoof. Ag, foei tog!

OOM: Ja, moord en doodslag . . . dis hierso 'n . . .

TANTE [*belangstellender*]: Die gesig kan ek nie mooi sien nie. Daar is iets so bekend.

KONSTABEL [*kom weer nader na Seun; staan so dat Tante nie meer kan sien nie*].

SEUN [*lig sy geboeide arms op en probeer met sy mou 'n bietjie bloed wat hom by die oë hinder, af te vee*].

KONSTABEL [*hulpvaardig*]: Toe maar. Ek sal. [*Vee dit met sy sakdoek af*].

SEUN [*weer inmeakaargesak soos tevore*].

KONSTABEL: En wat was die ding eintlik waaroor jy uit die polisie uit is?

MEISIE, TANTE, OOM [*is nou almal wakker en luister met groeiende belangstelling na die gesprek*].

SEUN: Uitgeskop! . . . en tronk daarby.

KONSTABEL: Wat was dit?

SEUN: Ek wou weg uit dié vervloekte lewe hier . . . weer boer. – Toe belowe 'n ryk bende van dranksmokkelaars vir my 'n klomp geld . . . as ek net een nag my oë toemaak. Want ek was baie wakker. Ek het mos in die veld groot geword. [*Sy gewone stem kom al weer terug*].

TANTE: Dié stem! [*Kyk Oom vraend aan*].

KONSTABEL: O-o! Is jy die man wat daardie slag honderd-en-twintig pond van drankverkopers gevat het?

SEUN [*bitter, hard*]: Ek het die geld nooit gekry nie . . . Maar my tronkstraf het ek goed gekry!

MEISIE [*wat hom teen die end skerp aangekyk het: spring op*]: O hemel! . . . Hen!

SEUN [*onnosel-verras*]: Hè? . . . [*Kyk haar verwese aan. Met dowwe stem*]: Is . . . dit . . . jy?

KONSTABEL [*staan verbaas effens agteruit*].

MEISIE: Hen! – Ag, Hen; hoekom . . . ? [*Kyk verskrik om na Tante; gaan 'n bietjie verder terug staan*].

SEUN [*kyk strak voor hom uit*].

TANTE [*staan skielik regop: kom haastig 'n bietjie nader; kyk hom vorsend aan*]: Hennieboet! ...
En kry ons jou só? [*Bly staan.*]

SEUN [*spring op sy voete; vir 'n oomblik swak*]: Ma! ... My ma?

OOM [*kom verskrik en huiwerig ook nader*].

MEISIE [*trek haar suutjies terug en gaan sit op die bank*].

TANTE [*by Konstabel verby; kyk in Seun se gesig; soen hom*]: My kind! [*Bly by hom staan met 'n hand op sy arm*].

KONSTABEL [*vind nou eers woorde*]: En toe! Wat's dit hier nou? – Met my prisonier?

OOM [*vat aan Konstabel se mou*]: Man, dis sy moeder. Ons het kom soek – daar uit Lydenburg ...
Jarelank het ons niks van hom gehoor nie. – [*Beleef*]: Mag ek hom net gaan groet?

KONSTABEL [*sagter*]: Toe maar! – Maak net gou ... As daar mense inkom – dit mag nie! – staan
dan net 'n bietjie verder. [*Hy gaan nader na die deur toe.*]

OOM [*vat die Seun se geboeide hande tussen sy twee groot hande*]: Hendrik, – my seun! ...
[*Hulpeloos*]: Hoe gaan dit?

SEUN [*met 'n halwe glimlag*]: Soos Pa sien, bietjie teenspoedig; – verder darem taamlik gesond.

KONSTABEL [*onrustig*]: Tante, Oom, staan bietjie dié kant toe! Ek sal julle nie belet om te gesels
nie. Maar as mense kom, moet julle stil bly.

OOM [*wil Tante gehoorsaam aan die hand neem en weglei*].

TANTE [*haal êrens uit 'n sak 'n opgefrommelde sakdoek uit; druk dit 'n bietjie op 'n bloedkol by die seun
se linkerwenkbrou, terwyl sy haar ander hand sag teen sy regterwang hou*]: Is dit seer, my kind?

[*Gaan met Oom 'n bietjie verder staan, by die meisie se verlate stoel.*]

SEUN [*bly voor sy stoel staan, amper bewegingloos in uitdrukking en houding*].

TANTE [*meteens strenger, met moederlike vermaning*]: Hendrik! Ons het gehoor netnou ... jy was
in die tronk gewees?

SEUN [*amper asof sy oor siekte gevra het, of so iets onvermydeliks*]: Ja, Ma.

TANTE [*kyk hom ernstig aan*]: My seun, my seun, hoe kon jy?

SEUN: Ma het mos gehoor: ek wou weg uit hierdie hel van 'n lewe!

TANTE [*geskok deur dié woorde*]: Hennie! ... [*Sag-verwyttend*]: En waarom het jy nooit geskrywe nie?

SEUN: Skrywe? Van my? . . . [*Met selfveragting*]: Wat moes ek skrywe? . . . [*Laat sy kop sak*]:
En ek dog Korrie en haar man sal beter vir julle sorg as ek.

TANTE: Korrie? . . . Sy is dood. [*Kyk hom aan met groot oë, waaruit sy moedig die trane probeer keer. Leun effentjies teen Oom se skouer.*]

SEUN [*kyk Tante net verskrik aan*].

OOM: Haar man het toe na Lydenburg gegaan . . . Ná vier maande was hy weer getroud – jy sal nie glo nie – met Engela!

SEUN [*veragtelik*]: Met Engela!?! . . . [*Skud sy kop; sê niks meer nie.*]

OOM [*trek die stoel nader en laat Tante daarop sit; dan kom hy vertroulik digter by Konstabel*]:
En, Neef, waarom het jy hom eintlik gevang?

KONSTABEL: 'n Vrou het my geroep na 'n bakleiery in 'n vuil straatjie. Toe ek daar kom, sien ek net hoe hy 'n Siriër met sy mes steek; . . . ek wonder of hy nog lewe.

SEUN [*gejaag*]: Dit was sy eie mes. Hy wou my steek. Toe ruk ek dit uit sy hand uit! [*Meteens stil.*]

KONSTABEL: Dit het swaar gegaan om hom daar uit te kry: ek allenig! – Die klomp wou net moor . . . die Siriër se maters.

OOM: Dit was fluks van jou.

KONSTABEL [*trek net sy skouers op*].

TANTE: En moet my kind nou tronk toe gaan?

KONSTABEL: Daar is geen ander uitweg nie, Tante.

TANTE [*verdrietig; tot Seun*]: En wat moet ons nou doen? Ons het mos net gekom om jou te soek?

SEUN [*meer in hopelose noodlotsberusting as van onverskilligheid*]: Maar weer huis toe ry, Ma.

OOM [*vra Konstabel*]: Vir hoe lank . . . ?

KONSTABEL: Ja, Oom, dit hang daarvan af of die Siriër dit maak . . . of doodgaan.

OOM: Man, maar die daad self – toe hy dit gedoen het – bly tog dieselfde!

KONSTABEL [*trek 'n skouer op*]: Wet is wet, Oom! Hy moes gedink het wat hy . . .

TANTE [*val hom in die rede*]: Jy is hard, poliesman!

KONSTABEL [*streng*]: Dis beter om hard te wees in die lewe . . . as só pap. [*Met 'n hoofbeweging na die ander twee.*]

TANTE: Jy het dit waarskynlik makliker gehad in die lewe.

KONSTABEL [*bitter*]: Maklik? ... [*Uit 'n vol gemoed vertel hy*]: Ek het geboer daar in Aberdeen [*Afrikaans uitgespreek*] se distrik, nog by my ouers in die huis. – Ons eie grond. – Maar ek was verloof al ... [*spottend*]: en baie verlief! ... Die droogtes het ons toe uitgeroei.

OOM: Ja, man, dié droogtes!

KONSTABEL: Ons het net genoeg oorgehou om 'n huisie op die dorp te koop vir die Oumense. En ek is toe in die polisie – om vir hulle te help en geld te spaar om weer te beginne. Vol moed! ... Ek was skaars weg, toe kom die tyding: die nooi is al getroud – met 'n ander vent ... [*Bedroef*]: En toe word my pa en ma siek, sonder iemand om vir hulle te sorg . . . En hulle is albei dood, daar vêr. [*Vol verbittering*]: Dood van verwaarloos – deur skone verwaarloos! [*Draai skielik weg en kyk kastig na die deur.*]

OOM: Dis hard!

TANTE [*wat met stil deelneming gesit en luister het*]: My nefie, ek het spyt oor wat ek flus gesê het. [*Sy gaan haastig na hulle goed by die bank en bring 'n linnesakkie terug wat in die middel vasgebind is om dit in twee te verdeel*]: Kyk, ons het vir die seun 'n slopie saamgebring met wildsbiltong, en met 'n rol van die ou man se beste twak.

OOM: Dis ten minste beter as dié ou gekerfde twakkies wat julle hier ten duurste koop.

TANTE: Ek gee dit nou vir jou. – Deel dit met hom ... Sal jy darem sorg dat hy sy deel kry?

KONSTABEL [*neem die sakkie*]: Dankie. – Tante, ek sal my bes doen ... [*Kyk op sy horlosie*]: Maar dis tyd om afskeid te neem. – [*Tot Seun*]: Die trein sal nou-nou hier wees waarmee ek jou moet wegbring na die kantoor. Jy moet nou maar groet.

SEUN [*met groot, opgewonde oë*]: Die trein? ... Maak los my hande, man! – [*Soebat*]: Asseblief! Ek kan my ma só nie groet nie ... verlaas!

KONSTABEL [*skud beslis sy kop*].

SEUN: Toe, man!

TANTE: Ag, dink aan jou eie ma! ... Jy was seker lief gewees vir haar. – As sy nou hier moes staan ... en vra, soos ek!

KONSTABEL [*in 'n stryd*]: Ek mag nie! ... Maar vir Tante sal ek. [*Sit die sakkie op die grond neer. Sluit die Seun se handboeie los.*]

SEUN [*kom, half besluiteloos, 'n paar treetjies na Tante toe, sien die Meisie neerslagtig op die bank sit*]: Ou kind, kom groet jy ook vir my ... [*Asof dit 'n afskeid vir ewig is*]: Jy moet my nou maar vergewe. [*Hou sy hand uit.*]

MEISIE [*kom beskroomd na hom; gryp dan haastig sy hand*]: Ag, Hen, dit kon so mooi gewees het!
[*Sy druk vurig sy hand 'n oomblik teen haar bors vas en dan, deur haar gevoel oorstelp, draai sy skielik opsy en staan naby die ingang.*]

SEUN [*aangedaan*]: En nou moet ek Pa groet.

OOM [*skud sy hand*]: Dag, Hennie! [*Laat in hulpelose gevoel sy hand los en gaan staan effens agter Tante se skouer.*]

SEUN [*staan voor Tante en kyk in haar oë*]: Ma!

TANTE [*hou sy hand met altwee hare vas*]: Ons sal bid vir jou – en dink aan jou . . . En kom dan terug na ons!

SEUN: Moedertjie, glo my . . . ek het nie regtig versleg nie.

KONSTABEL [*luister na agter; haastig*]: Daar's nie baie tyd nie! Daar ver fluit die trein al.

SEUN: . . . dis maar net soos dinge gekom het, alles bymekaar. – [*Met sy arms om Tante se skouers*]:
Ma, ander maand sal die dikbasbome spierwit blom daar by julle . . . en ek . . . [*Hy druk haar vaster, gee haar 'n haastige soentjie, en skielik ruk hy hom los. Met een spring is hy by die Konstabel, stoot hom voor die bors dat hy terugsteier, en by die ingang uit.*]

[*Seun af*]

MEISIE [*begryp dadelik wat gebeur; kom by die ingang listig in die Konstabel se pad.*]

KONSTABEL [*het dadelik na sy rewolwer en polisiefluitjie gevoel; stamp Meisie met sy elmboog ru opsy, dat die handboeie val en oor die vloer kletter, die ingang uit*].

[*Konstabel af*]

TANTE [*hou aan die stoel se leuning vas, verskrik; roep saggies*]: Hennieboet!

MEISIE [*agter Konstabel aan*].

[*Meisie af*]

OOM [*na 'n oomblikkie*]: Ek hoop darem hy kom weg.

KONSTABEL [*agter die toneel, blaas sy fluitjie, roep*]: Staan! Ek skiet . . . [*Skielik verskrik*]: Is jy gek?

MEISIE [*agter die toneel, gee 'n gil van ontsetting*].

TANTE [*gryp verskrik na Oom se arm; albei kyk angstig en roerloos na die ingang*].

MEISIE [*kermende skreeu voor die ingang*]: O-o!

[Meisie op]

MEISIE [*soos een wat half bedwelmd is; druk haar hande voor haar oë asof sy 'n aaklige gesig nie wil sien nie. Amper histeries*]: Hy het voor die trein gespring! ... Hy's flenters! [*Kom struikelstruikel vorentoe; hou aan die tafel vas.*]

TANTE [*asof sy nie goed verstaan nie*]: Kind? ... [*Gee net een verskeurende snik*]: My seuntjie!
[*Sak neer op die stoel.*]

OOM [*kry geen woord uit nie; gryp na sy keel asof hy wurg*].

MEISIE [*kom kniel skielik by Tante se knie en streel vol meegevoel haar hande.*]

TANTE: Ag, kind, jy het hom mos ook lief gehad.

MEISIE [*bars in trane uit; druk haar gesig in Tante se skoot*].

TANTE [*streel oor haar hare*].

MEISIE [*kyk op na Tante; roep smekend uit*]: Neem my saam met julle! As julle dogter ...
Ek kon mos julle dogter gewees het, miskien, as ... as ... [*Sy kruip amper voor Tante. Asof sy in pyn wild om hulp skreeu*]: Vat my weg! Weg van hier! [*Snik bitterlik en druk troossoekend weer haar gesig diep in Tante se skoot.*]

GORDYN

Nasionale Handelsdrukkery Bpk
Elsiesrivier

AKDA

Afrikaanse Kontemporêre Drama Argief
(akda.co.za)



tuiste. trots. toekoms.



Die FAK is 'n toekomsgerigte kultuurorganisasie wat 'n tuiste vir die Afrikaanse taal en kultuur bied en ons trotse Afrikanergeskiedenis positief bevorder.

Kontak ons: 012 301 1777 | fak@fak.org.za | www.fak.org.za